

25 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Romeine 2:1-11
Fokusgedeelte: Romeine 2:10

Goeie werke is 'n getuienis van God se genade

'n Mens skrik as jy in vers 6 lees dat God ons volgens ons daade sal oordeel. Immers, jy ken jouself. Jy weet van jou gedagtes wat by tye koers kies weg van God af, en van jou woorde wat soms gebore word voordat jy daarvoor nagedink het, wat nie altyd tot eer van God is nie, en van jou daade van gister en van eergister waaroor jy skaam is. En dit is nog maar net die begin, want ons bely op grond van God se Woord dat selfs ons beste werke onvolmaak en met sonde besmet is (HK, antw. 62).

Dit is die hartseer werklikheid van ons daade. As God ons daarvolgens moet oordeel, beteken dit net een ding: jy is verlore. Daar is vir jou geen hoop nie. Daarom is die blote feit dat daar in verse 7 en 10 na mense verwys word wat goed doen, 'n getuienis van God se oneindige genade. Hy kyk, op grond van die soenoffer van Jesus Christus, verby jou onvolmaakte werke wat met sonde besmet is en reken jou die volmaakte, heilige werke van ons Here toe. En dan skenk Hy aan jou ewige heerlikheid, eer en vrede.

Kan daar 'n heerliker boodskap wees as dit? Ons het niks om op trots te wees nie (Ef. 2:9) en God is absoluut regverdig in sy oordeel, maar almal wat aan Jesus Christus behoort en aan sy volmaakte werke deel het, doen in Hom goed voor God en ontvang ewige heerlikheid, eer en vrede. Dit is niks anders nie as onverdiende guns. Aan God alleen kom die eer en die heerlikheid toe.

Sing: Skrifberyming 15-7:2

Ds CJH (Casper) Breed (Secunda)